



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

**ALBERTINA SISULU
1918–2011**

FEITEBLAD19

WEERGAWE 1, 29 JUNIE 2018

Die land vier vanjaar die eeufeesviering van die geboorte van een van die belangrike dogters van Afrika, Mama Albertina Sisulu, wat haar lewe aan die stryd vir die emansipasie van vroue en die bevryding van Suid-Afrika gewy het. In hierdie feiteblad verken ons haar lewe van haar geboorte in 1918 tot haar afsterwe in 2011.



- Albertina Sisulu, politieke aktivis en verpleegkundige, was een van die belangrikste leiers van die anti-apartheid-weerstandsbeweging in Suid-Afrika.
- Ma Sisulu, soos sy met liefderik bekend staan, het saam met haar eggenoot en mede-aktivis, die ontslape Walter Sisulu (1912–2003), die ideaal van menseregte nagestreef.
- Sy het in die eertydse Transkei grootgeword. As die oudste dogter moes sy die rol van moeder in haar familie inneem toe haar ma ernstig siek geword het. Sy het baie klasse misgeloop, en teen die laaste jaar in die laerskool was sy twee jaar ouer as die res van haar klasmaats.
- Sy is 'n beurs kwynt nadat sy eers daarvoor in aanmerking was, toe sy weens 'n nuwe ouderdomsreël gediskwalifiseer is. 'n Artikel oor dié onregverdigheid het in 'n plaaslike koerant verskyn, waar een van die priesters dit gesien het. Sy is 'n beurs vir die Mariazell College in Matatiele in die Oos-Kaap aangebied.
- Sy het in Januarie 1940 met haar opleiding as verpleegkundige by die Johannesburgse Algemene Hospitaal begin nadat sy haar skoolloopbaan suksesvol afgesluit het.
- Albertina Thethiwe het Walter Sisulu in 1941 ontmoet terwyl sy by die hospitaal gewerk het, en hulle is in 1944 getroud.
- In 1948 het sy by die ANC se Vroueliga aangesluit en in die 1950's beklee sy die eerste van vele leierskapsposisies in die ANC en die Federasie vir Suid-Afrikaanse Vroue (FEDSAW).
- Sy was een van die organiseerders van die geskiedkundige teenpasoptog van vroue na die Uniegebou in 1956.
- Sy het die minderwaardige “Bantoe-onderwys” teengestaan en haar huis in Orlando-Wes in Soweto gebruik vir alternatiewe onderrig totdat dit deur wetgewing verbied is.
- Beide Sisulu en haar eggenoot is telkemale in die tronk gegooi vir hul politieke aktiwiteite.
- In 1963, nadat Ma Sisulu se man sy lewe ondergronds moes voortsit, is sy ingevolge die Algemene Regswysigingswet gearresteer en bykans twee maande in alleenaanhouding geplaas.
- 'n Jaar later is die Rivonia-verhoor verby en haar man, een van die beskuldigdes, is skuldig bevind en het 26 jaar van 'n lewenslange vonnis in die gevangenis op Robbeneiland deurgebring.
- Albertina Sisulu is in 1981 en 1985 vir haar aktivisme aangehou en in alleenaanhouding geplaas.
- In 1983 is sy as medepresident van die United Democratic Front (UDF) verkies.
- In Junie 1989 het sy uiteindelik 'n paspoort gekry en 'n maand later lei sy 'n afvaardiging van die UDF na die VK en die VSA om die Britse Premier Margaret Thatcher en Amerikaanse President George Bush (senior) te ontmoet.
- In 1994 het Albertina Sisulu in die eerste demokraties verkose Parlement van Suid-Afrika gedien.
- Sy, haar man en hul seun Zwelakhe het vele humanitêre toekennings verwerf. In 1986 het sy ereburgerskap van Reggio nell'Emilia, 'n dorp in Italië, ontvang.
- Vir meer as 50 jaar het Sisulu haar vir die Albertina Sisulu-stigting beywer, wat werk om die lewe van kinders en ouer mense te verbeter. Die Wêreldraad vir Vrede haar van 1993 tot 1996 as die president van hierdie liggaam verkies, en só aan haar eer betoon.
- Sy het op 2 Junie 2011 op die ouderdom van 92 by haar huis in Linden, Johannesburg, gesterf, en 'n onvergeetlike nalatenskap agtergelaat. Ma Sisulu word oorleef deur haar vyf kinders, Max, Mlungisi, Zwelakhe, Lindiwe en Nonkululeko, haar neef en niggie Gerald en Beryl, 26 kleinkinders en drie agterkleinkinders.